LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

27 Februarie 2020

Geagte Ouers

Die veiligheid van ons Grondslagfase leerders is vir ons uiters belangrik en wanneer risiko's ontstaan spreek ons dit onmiddellik aan.

Dit het egter onder ons aandag gekom dat personeel nie verwittig word as u kind se program verander nie, hetsy in die wagklas moet bly of moet uitgaan vir 'n aktiwiteit. Die personeel is dan salig onbewus van die veranderde reëling wat u getref het. Graag doen ons weer 'n beroep op u, dat indien u reëlings aangaande waarheen u kind smiddae na skool moet gaan verander het, dat u dit asseblief voor 12:15 onder u kind se onderwyseres se aandag moet bring.

Geen kind in die Grondslagfase kan sonder toesig op die terrein beweeg na die skool uitgekom het om 13:10 nie. Alle leerders in die Grondslagfase moet presies weet waarheen hulle moet gaan na skool.

Daar is wagklasse in elke graad tot 13:45 waarvan u gebruik kan maak.

Baie dankie vir u samewerking.

Vriendelike groete

ME R JOUBERT
ADJUNKHOOF GF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF